

CHAIRMAN

Anton Meyer
083 382 4510 – antonmm@absamail.co.za

SECRETARY

Michelle de Jager
079 878 5745 – admin@amtsystems.co.za

TREASURER

Anton Meyer
083 382 4510 – antonmm@absamail.co.za



P.O. BOX 3535
GEORGE INDUSTRIA
6536

(SABS / NRCS ACCREDITATION NO - 1033 0026)

GEORGE SPORT SKIETKLUB KONSTITUSIE:**1.0 Naam:**

Die klub sal bekend staan as die "George Sportskietklub", hierna genoem die "Klub"

2.0 Doel en strewes:

- 2.1 Om die praktiese en veilige gebruik van vuurwapens in die algemeen te bevorder en bekend te stel.
- 2.2 Om veilige en doelgerigte opleiding te verskaf aan lede en die publiek.
- 2.3 Om te assosieer, te affilieer, of te amalgameer met ander soortgelyke liggame soos wat die lede van tyd tot tyd mag nodig ag of goeddink.
- 2.4 Om die nodige fasiliteite aan die lede van die klub beskikbaar te stel om hulle in staat te stel om hulself te bekwaam in die veilige en korrekte gebruik van vuurwapens.
- 2.5 Om enige vaste of nie-vaste eiendom aan te koop, te huur of andersins te bekom wat die klub nodig mag ag vir sy gebruik.
- 2.6 Om fondse in te samel, te ontvang en te administreer deur die invordering van ledegeld sowel as deur donasies en skenkings vir die behoorlike instandhouding van die klub.

3.0 Lidmaatskap en ledegeld:

- 3.1 Die reg van toelating tot lidmaatskap van die klub sal voorbehou word en aansoeke sal individueel deur die komitee gekeur word.
- 3.2 Aansoeke om lidmaatskap moet op die voorgeskrewe aansoekvorm gedoen word en aan die komitee voorgelê word vir goedkeuring.
- 3.3 Daar sal vier klasse van lidmaatskap wees :
 - 3.3.1 Ere lidmaatskap
 - 3.3.2 Gewone lidmaatskap
 - 3.3.3 Familie lidmaatskap
 - 3.3.4 Studente of Junior lidmaatskap
- 3.4 Addisionele klasse van lidmaatskap mag van tyd tot tyd en soos nodig deur die komitee bepaal word.
- 3.5 Die ledegeld vir elk van die bogenoemde klasse van lidmaatskap sal deur die komitee vasgestel word en mag van tyd tot tyd gewysig word.
- 3.6 Lidmaatskap sal begin vanaf die datum waarop die kandidaat aanvaar of lidmaatskap herstel word.
- 3.7 Lidmaatskap sal in die volgende gevalle gestaak word :
 - 3.7.1 Indien 'n lid bedank.
 - 3.7.2 Indien 'n lid in gebreke bly om sy ledegeld te betaal binne een maand na sy aanvaarding as lid van die klub.
 - 3.7.3 Indien 'n bestaande lid in gebreke bly om sy ledegeld te betaal binne een maand nadat dit betaalbaar geword het soos vooraf vasgestel, byvoorbeeld by die begin van 'n nuwe finansiële jaar.
 - 3.7.4 Indien 'n lid geskors word.
- 3.8 Enige persoon wie se lidmaatskap gestaak is deur bedanking of skorsing of enige ander rede, mag aansoek doen om herstelling van lidmaatskap op die voorgeskrewe wyse.
- 3.9 'n Junior lid se lidmaatskap sal by bereiking van die ouderdom van agtien jaar staak, waarop hy/sy op die voorgeskrewe wyse kan aansoek doen om gewone lidmaatskap.

2.

- 3.10 Alle ledegeld sal vooruit betaalbaar wees vir 'n vooraf vasgestelde periode soos deur die komitee bepaal.
- 3.11 Ledegeld sal jaarliks betaalbaar wees aan die begin van die finansiële jaar of soos deur die komitee bepaal.
- 3.12 Alle lede bo die ouderdom van agtien jaar en wie se ledegeld betaal is, sal geregtig wees op vergaderings te stem en sal ook verkiesbaar wees vir komiteeledes.

4.0 Skorsing:

- 4.1 Enige lid van die klub wat die reëls van die klub, soos in die konstitusie neergelê, of soos van tyd tot tyd deur die komitee bepaal, moedswillig oortree of deur sy gedrag daartoe aanleiding gee, mag deur die komitee geskors word nadat die komitee hom/haar skriftelik van hul besluit in kennis gestel het.
- 4.2 Enige lid mag sy saak persoonlik, skriftelik, of deur sy gemagtigde verteenwoordiger voor die komitee stel.
- 4.3 Enige aanbeveling of besluit tot skorsing sal slegs geldig wees indien minstens twee derdes van die komitee daartoe besluit.
- 4.4 Indien dissiplinêre stappe teen 'n komiteelid voorgestel word, sal daardie lid nie aanwesig wees by enige vergadering nie en onmiddellik van al sy pligte en voorregte as komiteelid onthef word.
- 4.5 By skorsing sal 'n lid al sy voorregte van lidmaatskap verbeur en geen verdere aanspraak op bates van die klub hê nie.

5.0 Algemene jaarvergaderings:

- 5.1 'n Algemene jaarvergadering van alle lede van die klub sal elke jaar gehou word en wel nie later as vyftien maande na die vorige algemene jaarvergadering nie. Kennis van die algemene jaarvergadering sal na alle lede, wie se ledegeld ten volle betaal is, gegee word by hulle laas bekende adres nie later as veertien dae voor die datum van die vergadering nie.
- 5.2 Die doel van die algemene jaarvergadering sal wees :
 - 5.2.1 Om 'n komitee wat uit die volgende lede sal bestaan te verkies :
 - 5.2.1.1 'n Voorsitter
 - 5.2.1.2 'n Ondervoorsitter
 - 5.2.1.3 'n Sekretaris
 - 5.2.1.4 'n Tesourier
 - 5.2.1.5 en enige aantal addisionele lede soos van tyd tot tyd deur die komitee bepaal.
 - 5.2.2 Om die notule van die vorige algemene jaarvergadering goed te keur of te wysig.
 - 5.2.3 Om die voorsitter die geleentheid te bied om die jaarverslag te behandel.
 - 5.2.4 Om die finansiële jaarstate te bespreek.
 - 5.2.5 Om 'n ouditeur vir die volgende jaar te verkies.
 - 5.2.6 Om inskrywings van nuwe lede te werf.
 - 5.2.7 Om enige besprekingspunt waarvan daar vooraf kennis gegee is te bespreek.
 - 5.2.8 Om enige aangeleentheid wat gewoonlik op 'n algemene jaarvergadering bespreek word te behandel.
- 5.3 By enige gewone of buitengewone vergadering sal een derde van die aantal geregistreerde lede 'n kworum vorm. Indien daar nie 'n kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering vir vyf minute verdaag en die lede by so 'n vergadering teenwoordig sal dan 'n kworum vorm op voorwaarde dat twee derdes van die komitee teenwoordig so 'n mosie goedkeur.
- 5.4 By elke algemene jaarvergadering sal elke volle lid wat persoonlik teenwoordig is, geregtig wees tot een stem en die voorsitter sal 'n addisionele beslissende stem hê.
- 5.5 By alle besluite van 'n vergadering sal 'n meerderheid van stemme deur die teenwoordige lede benodig word en sal deur die tel van hande geskied.
- 5.6 Op 'n algemene jaarvergadering mag 'n president verkies word wat geen spesifieke pligte sal hê nie, maar wel deur die komitee genader kan word vir raad rakende interne sake en wetlike aspekte. Die president mag op uitnodiging van die komitee teenwoordig wees by 'n komiteevergadering.

6.0 Magte en pligte van die komitee:

- 6.1 Die hoof taak van die komitee sal wees om die daaglikse bestuur van die klub tot voordeel van sy lede te bedryf.
- 6.2 Die komitee sal die mag hê om enige addisionele lid te ko-opteer wat benodig word vir die behoorlike funksionering van die klub.
- 6.3 Die komitee mag enige ooreenkoms, kontrak of onderneming aangaan wat die doelstellings van die klub sal bevorder en wat tot voordeel van die klubledes sal wees.

3.

- 6.4 Die komitee het die mag om baan reëls neer te lê of te verander soos nodig mag wees vir die ordelike verloop van skietoefeninge.
- 6.5 Die komitee sal drie lede uit die komitee benoem, waarvan die sekretaris en tesourier twee lede sal wees, om die nodige dokumente te onderteken vir die opening en bedryf van 'n bankrekening by 'n geregistreerde bank of bouvereniging. Enige twee van hierdie verkose lede sal gevolmagtigdes names die klub wees om onttrekkings en deposito's namens die klub te maak.
- 6.6 Komiteevergaderings sal geskeduleer word soos benodig om dringende sake af te handel.
- 6.7 Tydens enige komiteevergadering sal die kworum uit drie lede van die gekose komitee bestaan.
- 6.8 'n Volledige notule sal van elke komitee vergadering gehou word en lede sal op hoogte gehou word van komitee besluite.
- 6.9 Indien daar 'n vakature in die komitee ontstaan, sal 'n spesiale komiteevergadering belê word, waarop die komitee dan aangevul sal word soos nodig vir die behoorlike funksionering daarvan. Die termyn van diens van die plaasvervanger sal eindig op dieselfde datum as waarop sy voorganger se dienstermyn sou eindig.

7.0 Finansies:

- 7.1 Die komitee sal besluit op 'n geregistreerde bank of bouvereniging waar 'n rekening in die naam van die klub oopgemaak sal word, en waarop alle gelde deur die klub ontvang, gedeponeer sal word.
- 7.2 Die tesourier sal die rekening in oorleg met die bestuur van die komitee behartig.
- 7.3 Die tesourier sal op aanvraag deur die komitee en vir die doeleindes van bestuursvergaderings 'n staat van inkomste en uitgawes opstel wat op sodanige vergadering goedgekeur sal word.
- 7.4 Die finansiële jaar sal elke jaar op die laaste dag van Februarie sluit, op welke datum die tesourier 'n inkomste en uitgawe staat en balansstaat sal opstel waarin die finansiële posisie van die klub vir die voorafgaande jaar uiteengesit sal word.
- 7.5 Geen persoon sal die kredietwaardigheid van die klub waarborg sonder die skriftelike goedkeuring van die komitee nie.
- 7.6 'n Ouditeur sal by elke algemene jaarvergadering aangestel word om te dien tot die volgende jaarvergadering mits sodanige persoon die reg het om te praktiseer as 'n boekhouer of ouditeur en nie 'n lid van die komitee is nie.

8.0 Inkomste:

- 8.1 Die inkomste en eiendom van die klub, hoe en waarvandaan dit ook al verkry is, sal alleenlik aangewend word ter bevordering van die klub soos uiteengesit in hierdie konstitusie en geen deel daarvan sal direk of indirek betaal word of oorgedra word deur middel van dividende, bonusse of enige ander manier aan enige lid van die klub nie, op voorwaarde dat betaling as beloning of vergoeding vir dienste gelewer aan enige lid of beampte ter goeder trou mag geskied.

9.0 Ontbinding:

- 9.1 Ten tye van die ontbinding of tot niet making van die klub, kan van lede verwag word om by te dra tot die bates van die klub.
- 9.2 Bydraes mag vereis word in ooreenstemming met die wette van die R.S.A. in verband met die ontbinding van die klub, ten einde as betaling te kan dien vir uitstaande skulde en laste van die klub wat aangegaan was voordat lidmaatskap be-eindig is of vir enige koste, vorderings en uitgawes wat in verband mag staan met genoemde ontbinding van die klub.
- 9.3 Bydraes sal beperk word tot die onbetaalde ledegelde van 'n lid vir die huidige of voorafgaande jare.

10.0 Oorskot:

- 10.1 Indien daar na die ontbinding of tot niet making van die klub en na alle skulde en laste betaal is, enige eiendom as bate oorbly, sal hierdie bates aan die lede of ander klubs met dieselfde doelstellings te koop aangebied of oorgedra of geskenk word.
- 10.2 In die geval van kontant bates, sal die komitee ten tye van die ontbinding, nadat die voorafgaande voorwaardes in aanmerking geneem is, besluit wat met die bates gedoen moet word.

11.0 Klagtes:

11.1 Enige lid wat 'n grondige klagte het, moet dit skriftelik aan die sekretaris rapporteer vir voorlegging aan die komitee om 'n beslissing.


12.0 Byvoegings en veranderings:

12.1 Die klub sal geregtig wees om enige byvoeging of verandering tot die konstitusie of reëls aan te bring by 'n algemene jaarvergadering of 'n spesiale vergadering op voorwaarde dat 'n kennisgewing wat so 'n vergadering byeen roep 'n afskrif van die voorgestelde veranderings of wysiging sal insluit.

12.2 'n Afskrif van hierdie konstitusie sal by die sekretaris van die klub ter insae lê vir die bestudering deur enige lid of voornemende lid van die klub.

Geteken en aangeneem te George op hede hierdie **12de** dag van **Januarie 2007**.

Die Uwe,



Anton Meyer
(Voorsitter, Tesourie, Baan Offisier)
Baan Bestuur – Handwapens & Haelgewere.